# Die Genade gawe van tekens en seëls

Teks: Johannes 4: 1 - 26
Teksvers: Johannes 4: 23 - 24

## 1. Inleiding

Geliefdes ons is vanoggend hier bymekaar omdat ons deel is van iets groter. Die sakrament van die Heilige Nagmaal getuig, of dan spesifiek ons deelname daaraan getuig van ’n groter verbintenis in ons lewens. Tog is die sakrament van die nagmaal op die oog af iets eenvoudig. U sal ook binnekort die eenvoud van die elemente ervaar wanneer ons dit weereens gebruik. Gewone alledaagse brood en wyn.

Tog weet ons dat hierdie elemente tekens en seëls van iets baie groter is. Dit is ook waar ons vandag stil word uit die Woord van die Here. Ons word stil by Sigar of Sigem en spesifiek by Jakob se put naby Sigar. Hierdie put kan vandag nog besoek en besigtig word in Askar naby die stad Nabloes in die huidige Palestina. Maar natuurlik sal dit huidiglik nie moontlik wees as gevolg van die oorlog daar nie. Maar in ons teksgedeelte is daar vrede by hierdie put. Vrede omdat ’n vrou juis die Vredevors daar by hierdie put ontmoet.

En alhoewel daar baie diep teologiese en geestelike leerstellings in hierdie gedeelte geopenbaar word, is dit wat daar gebeur amper iets alledaags. Dit is nie ’n erediens of selfs ’n Sabatdag nie. Nee, hierdie vrou is maar besig met haar dagtaak, en dan kom Jesus daar verby. Maar ons weet dat niks in die wêreld maar toevallig gebeur nie. Hierdie ontmoeting tussen Jesus en hierdie samaritaanse vrou, word ook ’n ontmoeting met verrykende geestelike betekenis.

Tog is dit ten einde laaste alledaagse voorwerpe en situasie wat gebruik word om hierdie geestelike sake te openbaar. Kom saam na die Jakob se put naby Sigar.

## 2. Ek is dors

Ons teksgedeelte het verwysings na verskeie teologiese en geestelike sake. Dit begin byvoorbeeld met ‘n verwysing na die ander sakrament, die Heilige Doop. In antwoord op die Fariseërs se statistiekversameling oor dopelinge, gaan Jesus eerder weg. Daar was die gewilde langer roete terug na Galilea. Maar Jesus en Sy dissipels kies die korter roete deur die gebied van die samaritane.

Die gebruiklike ding vir ’n suiwer Israeliet sou wees om alle kontak met die samaritane sover moontlik te vermy. Ons sien iets van hierdie benadering in die Samaritaanse vrou se verbasing oor Jesus se versoek, soos sy dit duidelik maak in vers 9. ’n Opregte Jood se eerder van die dors sterf as om ’n samaritaan en dan boonop ook nog ’n vrou te vra vir water. Daarby sien ons dat hierdie vrou ook nie van hoë morele waardes is nie, in die later openbaring oor haar mans. Dit sou net die saak verder kompliseer.

Nie te min is hulle nou hier by die put, Sy is besig om water te skep en Jesus is moeg van die lang reis tot hier. Op die oog af is dit wat hier gebeur eenvoudig en alledaags. Jesus is dors en daar is fisiese water wat hierdie dors kan les. Maar eintlik is dit die vrou wat dors is, sy besef dit net nog. nie. Omdat sy nog nie besef in wie se teenwoordigheid sy is nie.

Jesus sou weer in Johannes hoofstuk 19 uitroep “Ek is dors”. Dit doen Hy net voor Hy aan die kruis sterf vir ons sondes. Weereens sou niemand op aarde Sy dors kon les nie, terwyl Hy juis besig is om die alle gelowiges oor alle tye heen se dors te les. En dit te doen met die fontein lewende water van vers 13. Besef ons vanoggend met ons toetrede tot die nagmaalstafel werklik hoe dors ons is? Of verstaan ook ons nog nie regtig nie.

## 3. Iets beter as alledaagse middels

Maar die punt van ons boodskap vanoggend is juis die gebruik van die alledaagse middele en gebruike om iets geestelik te openbaar. Ons het al reeds gesê dat die samaritaanse vrou die een is wat eintlik dors is? Tog besef sy dit nie, soos ons duidelik sien uit haar antwoord in vers 11 “Meneer, jy het nie eens ’n skepding nie, en die put is diep”. Om presies te wees is die put 45 meter diep.

Sonder ’n skepding is die net fisies onmoontlik om iets daaruit te kry. En eintlik is die mooi beeld juis hierin dat Christus se sterwe en verlossing nodig. Hy is en bly die weg en die waarheid waardeer ons die ewige lewe ontvang.

Maar hierdie vrou so nog te gefokus op die fisiese materie. Hierdie water wat Sy elke dag hier moet kom haal, net om môre maar weer te kom haal. Tog is hierdie proses en hierdie presiese plek van ontmoeting so nodig. Want dit berei die vrou voor op die Geestelike waarheid wat Christus aan haar wil openbaar. Die feit dat Hy die bron van lewende water is. Dat Hy soveel belangriker is as hierdie put wat die Here genadiglik aan die vrou se voorouers voorsien het. Nou kan sy begin besef wat water is wat vir ewig jou dors kan les. Sy is op die einde so vervul met die Gees en Waarheid dat Sy die hele dorp oorreed om na Christus te kom luister

Hierdie alledaagse water by die put word vir die samaritaanse vrou die teken van die lewende water wat Christus gee. En dit is hier waar ons aansluit met die sakrament van die nagmaal. Die brood en die wyn is ook vanoggend vir ons tekens. Want ons almal het al brood en wyn geëet om tog maar net weer later honger te word. Maar die brood en wyn wat alledaagse is, is vir ons ’n teken van iets groter as alledaags.

Dit is vir ons die teken van die liggaam en bloed van Christus wat ons voed sodat ons nooit weer honger kry nie. Ons honger en dors hierna, en dit is hoekom ons vanoggend die sakrament van die nagmaal gaan gebruik.

## 4. Ware aanbidding is groter

Tog sentreer ons teksverse nie rondom die fisiese water en voeding nie, dit gaan oor aanbidding. Ons kan sê dat hierdie bespreking oor aardse water en fisiese dors, net ter voorbereiding van die werklike belangrike boodskap is. Dit gaan oor daardie dieper geestelike sake. Wanneer die vrou in ons teksgedeelte besef Sy is in die teenwoordigheid van ’n geestelike persoon, ’n profeet soos sy dit stel, verander haar gespreksonderwerp. Skielik is aanbidding die saak waaroor gepraat word en nie die water en put nie.

Skielik is ons by die hoogte van ’n berg in plaas van die diepte van ’n put. Sy verwys na hulle oortuiging om op die berg Geresim te gaan aanbid. Christus se skerp antwoord is dat hulle nie weet wat hulle aanbid nie. Die Gerisimberg is wel saam met die Nabalberg gebruik in Deuterenomuim om die seën van die Here af te kondig. Later ook Joshua en Rigters speel die berg ’n rol. Maar om by die berg te bly aanbid is om vas te hak oppad na die belofte land. Om nie in Jerusalem te kom en die ware verlossing te aanskou nie.

En dit is hierdie geestelik waarheid wat Christus openbaar aan die vrou. Al hierdie Ou Testamentiese gebruike in nie nutteloos nie, maar dit wys op iets groter en belangriker wat op pad is. Die vrou snap iets hiervan wanneer sy in die 2de laaste vers verwys na Christus. Die fisiese water word die teken en seëls wat in hierdie gedeelte Christus en Sy genadige verlossing openbaar aan die samaritaanse vrou by die put.

Aanbidding en die verhouding met die Here ontwikkel in Sy liefde meer en meer soos die koms van Christus nader kom uit die Ou Testament. Ons moenie soos die samaritane vassteek by die Geresimberg, of Jerusalem of selfs by die fisiese tekens en seëls op die nagmaalstafel vanoggend nie. God is Gees en Waarheid en moet so aanbid word. Die tekens en seëls is net fisiese hulpmiddels om uiteindelik hierdie Gees en Waarheid te gaan uitleef.

## 5. Slot

Ons kan afsluit met die volgende. Soos ons in die inleiding gesê het, weet ons steeds vandag onbetwis waar die put van Jakob is. Onder normale omstandighede kan ’n mens natuurlik ’n reis daarheen onderneem. Jy kan selfs van die put se water drink en vandag nog as ’n ware in Christus se spore loop. Maar dit alles kan net vir jou ’n toeriste aantreklikheid bly wat in elkgeval gedeel word met ’n ongelowige in ’n toergroep. Want uiteindelik moet ons ook verder beweeg. Ons moet juis Christus se aansporing in ons teksverse hoor om meer in die Geestelike en ware aanbidding te groei.

Dieselfde is natuurlik waar van die fisiese elemente van die nagmaal vanoggend. Ons kan op ’n bloot aardse manier hierdie genademiddele gebruik. Onnadenkend gaan sit, eet en opstaan. Maar dit is nie die Here se opdrag aan ons vanoggend nie. Nee Hy wil hierdie sigbare tasbare tekens weereens vanoggend gebruik om ons ware geloof in Gees en Waarheid te versterk. Want dit is uiteindelik hoe ons ook vir God moet aanbid. Kom gedenk die liggaam en bloed van

Christus wat tot volkome verlossing vir ons vergiet is.

Amen